November 2018

## Wêreldekonomie

Sentiment oor aandele is wêreldwyd baie neerdrukkend. Dit is ook 'n goeie teken, wat te kenne gee dat al die verkope deur swak houers reeds plaasgevind het. Die meeste VS ekonomiese data in die vierde kwartaal was baie gesond, maar sommige onlangse statistieke toon 'n verlangsaming. Die VS ekonomie hou aan groei volgens die VS se toonaangewende ekonomiese aanwysers, wat +5,9% op is jaar tot jaar, wat stewige groei tot in 2019 aandui. Trump en die Chinese president Xi Jinping het gedurende samesprekings in Argentina ooreengekom om nuwe tariewe terug te hou en 'n wapenstilstand te handhaaf na maande van toenemende spanning oor handel en ander kwessies. Die FED-voorsitter, Jerome Powell, het gesê die VS se rentekoerse was "net onder" neutraal, minder as twee maande nadat hy gesê het koerse is waarskynlik "baie ver" van daardie punt. Optimisme groei dat die VK waarskynlik nie die Europese Unie sonder 'n ooreenkoms gaan verlaat nie.

## SA Ekonomie

SA verbruikersinflasie is effens laer as wat in Oktober verwag is teen 5,1% jaar tot jaar. Die SA Reserwebank het besluit om koerse met 25 basispunte te verhoog. Rand Aksepbank en Stellenbosch Universiteit se Buro vir Ekonomiese Navorsing se sakevertroue-indeks het in die vierde kwartaal tot 31 punte vanaf 34 punte geval. S&P Global het gesê hy sal SA se buitelandse valuta en plaaslike geldeenheid se kredietgraderings onveranderd laat op sub-beleggingsgraad, onder andere weens gedempte groei in 2018. Eskom se skulddienskoste het in net 'n enkele jaar tot R45 miljard verdubbel. Eskom, die grootste maatskappy in staatsbesit, wat die enkele grootste risiko vir die SA ekonomie inhou weens sy R350 miljard staatswaarborge, is volgens analiste finansieel en operasioneel in die ergste toestand wat dit nog ooit was. Suid-Afrika se handelstekort het tot R5,55 miljard in Oktober toegeneem vanaf 'n hersiene R3,83 miljard tekort in September, volgens amptelike data. Syfers wat deur die Departement van Handel en Nywerheid bekend gemaak is, toon dat totale verkope van nuwe voertuie in November 4,6% gedaal het teenoor die ooreenstemmende maand in 2017. Die Absa Koopbestuurdersindeks (KBI), wat aktiwiteit in die vervaardigingsektor meet, het tot 49,5 vanaf 42,4 in Oktober gestyg. Suid-Afrika se ekonomie het met 2,2% in die derde kwartaal gegroei vanaf die tweede kwartaal, en uit 'n resessie beweeg na 'n hersiene 0,4%-inkrimping in die vorige kwartaal, volgens data van Statistieke Suid-Afrika.

## Tendense en geleenthede

- Die VS-ekonomie blyk op koers te wees vir 2,5%-groei in die vierde kwartaal.
- Suid-Afika se ekonomie het met 2,2% in die derde kwartaal gegroei.

*"Intelligence consists in ignoring things that are irrelevant"- **Nassim N. Taleb** (Black Swan)*

**RvD de Kock** **PJ de Jongh**

NOBLE PRIVATE PORTFOLIOS (PTY) LTD
Reg No: 1996/006915/07

Suite 2 | 77 Park Drive | Northcliff | 2195
Tel: +27 (0) 11 476 8548 | Fax: +27 (0) 11 476 8375 | Website: www.noblepp.co.za

Directors: P J de Jongh, P A van Zyl, H W du Preez

*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is an authorised FSP in terms of the FAIS Act, 2002 (568)*
*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is a member of StoneHouse Capital*

STONEHOUSE CAPITAL
Partnering the Exceptional